3 JUNIE 2018

09:00 Erediens – Doop

Peet Crous (Ekologie Sondag!)

Logan Jacobs (PJ en Charlene) word vanoggend gedoop. Baie welkom aan al die familie en vriende.

09:00 Kategese Gr 1 – 6 (begin in die kerk)

09:00 Kleuterkerk

(Afsluiting.) Pappa is spesiaal!

09:30 Lynnwood Oord-diens

Johan Jooste

Nogtans? Nogtans! *Hab. 3*

18:00 Aanddiens & Pelgrimsgroepe (Snr. Kategese)

Immanuel van Tonder

Spanning: Van Gif na Goud! *Fil. 4:4-11*

19:00 Belydenisklas

Ander godsdienste. *Kleingroepe*

10 JUNIE 2018

09:00 Erediens – Nagmaal

Eric Scholtz

Wintertee

Geen Jnr. Kategese en Kleuterkerk

18:00 Aanddiens – Kapel

Immanuel van Tonder

Gasvryheidsbediening nooi almal hartlik uit na 'n **Wintertee** volgende Sondag na die diens in Koinonia. Al die dames in die gemeente sal gedurende die week 'n sms ontvang vir eetgoed vir die tee. U meelewing word opreg waardeer.

Minderbroederlied

Vader Bonaventure Hinwood

kaalvoet stap is versigtig trap
die tone ontbloot
die sool ongepantser
die aarde is joune
en die volheid daarvan
haar stof en haar korrels
haar spriete en blare
as jy weerloos verkeer
ontdek jy die trou
van jou suster

Is daar nog iets wat ons kan doen?

Verminder (Reduce):

Wanneer julle in die Junie/Julie vakansie 'n wegneemete nuttig, weier om al die enkel-gebruik-strooitjies, enkel-gebruik-sakkies met souse en plastiek messe en vurke te neem, maar mens kan van tyd tot tyd diep gebraaide hoender geniet!

Hergebruik (Reuse):

Toe ons plastiek bevogtiger (humidifier) breek, het ons dit sinvol hergebruik: die plastiekbak staan vol aarbeiplantjies!

Herwin (Recycle):

Herwinning is 'n wonderlike konsep, maar dit is die laaste moontlikheid om al die mense se afval te verwerk. Wanneer ons herwin, kan die geld wat mens daaruit maak, aangewend word om 'n sendingprojek 'n hupstoot te gee.

Die week se kalenderaktiwiteite

Maandag:	**Caritas Bedieningvergadering** 18:00 (Kapel).
Dinsdag:	**Bybelstudie** 08:15 (Nerina Deale, Elveramstraat 51, Lynnwood Glen, 012 361 1896) – Peet Crous 012 348 4004 / 079 893 5572. **Bybelstudie** 08:30 (Kapel) – Eric Scholtz 012 361 4219 / 082 856 5959. **Tabita Naaldwerkklasse** 14:00 (Kerksaal) – Selma du Preez 082 448 6413. **Gemeentevroue Groep 11** 16:00 (Koinonia). Spreker: *Erika Theron*. Tema: *Die verskuiwende rolle van ouer vroue*. **Nuwe Generasie Bybelskool** 19:00 (Sjêk) – Jakkie Strachan 084 547 1660.
Woensdag:	**Ratanang-Vroueaksiegroep vir huishulpe** 14:30 (Koinonia) – Annatjie Pienaar 072 146 8212. **Gasvryheidsbediening** vergader 17:00 (A21). **Studente-selgroep** 19:00 (Sjêk) – Jeanri Bezuidenhout 074 893 2836. **"Young couples"-omgeegroep** 19:00 – Fay van Eeden 083 478 0854.
Donderdag:	**Bybelstudie** 09:30 (Lynnwood Oord). **Tabita Naaldwerkklasse** 14:00 (Kerksaal) – Selma du Preez 082 448 6413. **Jong Volwasse-omgeegroep** 19:00 (Sjêk) – Fay van Eeden 083 478 0854.
Vrydag:	**Bybelstudie** 08:00 (Kapel) – Eric Scholtz 012 361 4219 / 082 856 5959. **Gebedsgroep** 09:30 (B5). Kontak: Hanthi Jacobs 012 361 9058 / 083 293 0263 of Peet Crous 012 348 4004 / 079 893 5572 met gebedsversoeke.

Het u of u kinders verhuis of u besonderhede verander? Laat weet asseblief die kerkkantoor by 012 348 1245 of e-pos bets@nglynnwood.co.za.

Voorbidding:

Peet van Eeden, Alpineweg 330A, Lynnwood, 012 348 1982 – Pretoria-Oos Hospitaal.

Richardt Joubert (082 928 0295) en Nelmarie (082 929 0081) – ma, *Irene Joubert,* oorlede.

Kleuterkerk:

Dit is vandag ons kwartaal-afsluiting en ons maak iets vir Pappa. Geniet die vakansie! Sien weer 22 Julie 2018.

Verkiesing van Kerkraadslid:

Byron Ninham is op 28 Mei 2018 as primariuslid vir die Eiendomsbediening tot die kerkraad verkies.

Dankoffers:

Oorweeg asseblief biddend 'n dankoffer d.m.v. een van die volgende wyses: koevert, aftrek- of debietorder, elektroniese oorplasing NG Lynnwood, ABSA Takkode: 632005, Tjekrekening nr. 540 580 014 (gebruik asseblief u Voorletters en Van as verwysing en e-pos bewys van betaling aan finansies@nglynnwood.co.za of *Snap Scan*.

Snap here to pay

SnapScan

Kontak van die week: 'n Samevoeging

Vir amper dertig jaar is ek betrokke by belydenisklasse en belydenisafleggings. Aan die een kant is die belydenisformulier beeldskone taal wat mens hoendervleis laat kry. Aan die ander kant neig die taal na die komplekse kant en moet mens mooi fokus, veral as ons dit net hoor en nie ook sien nie.

Vandat ek na Matthys Roets luister, spreek die kunstenaar my op meer as een vlak aan; sy stem nooi mens om meer te luister en dikwels is die lirieke dieper as net bloot: "Bokkie met die chockie innie hand, wil jy sokkie?" Eers nadat Matthys in die verlamende motorfietsongeluk was, het hy die lied "In my lewe" gesing. Dis 'n meesleurende melodie en die woorde handel oor mooi, seer en spyt in die lewe. Verder neem die video mens op 'n visuele verhaal van sy lewe.

Vir die belydenisaflegging van Meimaand, het ek dié twee saamgevoeg: die belydenisformulier en Matthys se lied. Twee tieners wat vanjaar in die belydenisklas is, het dit gelees:

> "In ons lewens wil ons met ons monde sê wat in ons harte leef: Jesus is die Here. Alleen op God wil ons vertrou wat beteken dat dit vir ons belangrik is om na te gaan wat in die Woord staan.
>
> Alhoewel ons nie alles van die Ou of die Nuwe Testament weet nie, wil ons graag 'n studie daarvan maak en glo ons dat dit wat in hierdie gemeente geleer word getrou aan die Bybel is.
>
> In ons lewens wil ons graag deelneem aan die eredienste en ander aktiwiteite van die gemeente; hierdie gemeente is vir ons 'n tuiste. Gebed beskou ons as deel van ons grein.
>
> Niemand is volmaak nie, maar ons glo dat medegelowiges daar is om ons te help wanneer ons twyfel of swaarkry. Dit is ook ons verantwoordelikheid, om met die Gees se inspirasie, behulpsaam te wees in ons gemeenskap.
>
> In ons lewens aanvaar ons dat daar geleenthede gaan wees waar ons self struikel, of rigtinggewende mense om ons struikel, maar ons wil gedurig weer na die Here terugkeer.
>
> Die lewe is 'n wedloop oor jare en in ons lewens wil ons graag hierdie wedloop voltooi. Dit is vir ons duidelik dat gemeente 'n "ons" woord is en dat meer mense ingesluit as uitgesluit word.
>
> In ons lewens wil ons graag liefde aan mense betoon, want Johannes 13 vertel dat alle mense sal weet dat ons dissipels van Jesus is wanneer ons liefde betoon.
>
> Wanneer die katkisante aan die doop herinner word, die nagmaal gebruik en kerse aansteek, word hulle belydende lidmate van Lynnwood gemeente."

T-Tyd: As jy nie die musiek het nie, koop gerus Matthys se "In my lewe" en beluister dit goed.

Groete
Peet Crous
(namens die Predikantespan)

EK BIED MY GAWE AAN:

Naam _____

Selfoonnommer _____ **Landlyn nommer** _____

E-posadres _____

Kort beskrywing van Gawe

_____

Terme en Voorwaardes van gawe (bv. X2 mense per week, Maandae)

_____

_____ _____

Handtekening **Datum**

*** Handig asseblief in by die info-toonbank, kerkkantoor of in die mandjie in die portaal.
*** Skakel 065 383 7292 of stuur gerus ook per epos aan helplift@nglynnwood.co.za

Gemeenskap

NG Derby: Heerlike Eland-boerewors te koop teen R50 per pakkie van 750 gram. Die vleis is verwerk deur NG Derby en vorm deel van hulle fondsinsamelingsprojek. Ondersteun gerus hierdie plattelandse gemeentetjie. Vir bestellings skakel Bets by die kerkkantoor 012 348 1245 of stuur vir haar 'n e-pos by bets@nglynnwood.co.za.

Onderwyshulp: Benodig u kind 'n AMANUENT, SCRIBE of READER vir toetse en/of eksamen? Ekstra klasse in GEOGRAFIE en/of BESIGHEIDSTUDIE (Gr 8 – 12)? Veral as hulle reeds of oorweeg om **vakke te verander**? Skakel 082 473 9085 / 012 348 2392 of stuur 'n e-pos aan mathilda.geyvanpittius@gmail.com

Afgetrede gegradueerde onderwyseres is op soek na 'n deeltydse admin pos in Pretoria Oos. Ek is rekenaar vaardig en beskik oor goeie taal en skryf vaardighede in Afrikaans en Engels. Ek is tweetalig en kan ook vir laerskool leerlinge help met ekstra Engelse lesse. Skakel my asb. by 082 361 2414.

Kennisgewingborde: Indien u 'n kennisgewing op die borde wil plaas, bring dit asseblief na die kerkkantoor of Info-toonbank – baie dankie vir u samewerking in dié verband.

Motorwagdonasies: Houers in die portaal beskikbaar – dankie vir u ondersteuning.

Byderhand: Kragonderbrekings: 012 339 9111 (080 111 1556 tolvry) of
SMS "power" gevolg deur jou rekeningnommer na 082 612 0333.
Straatligprobleme: 080 111 1556 of e-pos customercarep@tshwane.gov.za.
Slaggate en/of robotte uit: e-pos customercare@tshwane.gov.za.
Water probleme: 012 358 2111 of 012 327 0147 of
e-pos customercare@tshwane.gov.za.
Watermeterlesings (deurgee) – rooster vir 2018 beskikbaar by www.tshwane.gov.

Kontak-inligting: Kerkkantoor: 012 348 1245 kerkkantoor@nglynnwood.co.za.
Kantoorure: Maandae – Donderdae 07:30 – 13:00 en Vrydae tot 12:00.
Koster: Juan Ferreira 084 588 4948. Kombuis: Maretha Brits 073 267 7019.
Kom ons en gesels saam op Facebook by *Lynnwood Gemeente,*
Nuwe Generasie (@nuwegenerasielynnwood) of Musiek at Lynnwood Gemeente.
www.nglynnwood.co.za.